



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-DOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 201**

**REGSWETENSKAP EN REGSFILOSOFIE
AAN 'n WAARDEGEDREWE UNIVERSITEIT:
OU WYN IN NUWE SAKKE?**

Prof Jan Swanepoel

Intreerede gehou op 4 November 2005

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2007 NWU

ISBN 978-1-86822-532-3

REGSWETENSKAP EN REGSFILOSOFIE
AAN 'n WAARDEGEDREWE UNIVERSITEIT:
OU WYN IN NUWE SAKKE?

1. INLEIDING

In die reg en die regs wetenskap word daar gewerk met tekste wat as gesaghebbend beskou word. Hierin is die regs wetenskap nie alleen nie. Die teologie bied 'n ander bekende voorbeeld daarvan. In albei hierdie wetenskappe hang heelwat daarvan af hoe gesaghebbende tekste geïnterpreteer, verstaan, uitgelê en toegepas word.

In die geval van die reg is interpretasie belangrik omdat 'n behoorlike verstaan van die uitoefening van 'n persoon se regte en verpligtinge daarvan afhang. Regsdispute beland meermale in die howe, 'n plek waar uitsluitel gegee word oor wie die reg aan sy kant het en een waar daar wenners en verloorders is. Die besluit oor wie wen en verloor, hang af van wat die regsposisie is, en wat die regsposisie is, hang af van hoe die reg (gekodeer in tekste en vasgelê in gewoontes en tradisies) gesaghebbend deur die howe geïnterpreteer word. Wat hier oor die reg gesê is, is eweneens die geval in die regs wetenskap. Trouens, die regsfilosofie as vakfilosofie van die regs wetenskappe¹ word vandag ten nouste geassosieer – selfs vereenselwig - met interpretasie.²

Die reg verg uitsluitel en anders as in byvoorbeeld die literatuurwetenskap word meerduidigheid of polisemie nie as 'n deug beskou nie. In vele tradisies van die regs wetenskap word regsekerheid

¹ Terwyl dit 'n wydgeheldigde opvatting is dat die regsfilosofie as die vakfilosofie van die regs wetenskap beskou kan word, stem nie alle outeurs daarmee saam nie. Vergelyk byvoorbeeld Cotterrell (*Politics 2*) wat die beswaar inbring dat so 'n standpunt voorveronderstel dat die reg 'n dissiplinêre eenheid vertoon, iets wat hy as 'n hipotese eerder as 'n postulaat beskou.

² Kyk Van Blerk *Jurisprudence* 91 n 40: "Interpretation has become so central to jurisprudence that there is a tendency to equate the two".

(dikwels gebaseer op konsepte soos die *rule of law* en die *stare decisis*-reël) hoog aangeslaan. Dit word veral hoog aangeskryf deur diegene wat voorspelbaarheid en orde wil hê. Dit word egter nie noodwendig so hoog geag deur diegene wat 'n regsstelsel en 'n samelewing wil verander nie.

Dit wat regswetenskaplikes oor die reg sê, kan teruggevoer word na wat hulle van die reg weet, wat hulle daarvan ken en verstaan. Maar agter hierdie kenteoretiese vraagstuk lê die hermeneutiese vraagstuk, selfs al is daar by sommige in regsringe in die laaste dekade 'n poging te bespeur om die hermeneutiese problematiek te probeer opskort en hul vertroue eerder opnuut in die regslogika te stel.

Ons verstaan van die reg en die teoretisering daarvoor is nie iets a-histories nie, maar gebonde aan tyd, plek en intellektuele tradisie. Dit staan in die spanningsveld tussen behoud van die gevestigde orde en die radikale verandering daarvan.

Die regsgeskiedenis bied ons 'n pikante voorbeeld van die strewe na sekerheid en vastigheid. Kort na die afloop van die Franse Revolusie het die nuwe (demokratiese) regeerders vanaf 1804 die *Code Civil*, 'n kodifisering van die Franse reg, die lig laat sien. Hierdie omvattende opskrifstelling van die reg kan beskou word as 'n poging tot demokratisering, 'n verset daarteen om - in die naam van goddelik-gegewe gesag en die waardes wat daarmee saamhang - verkul te word deur die maghebbers. Daarom het hulle enige interpretasie van die Kode verbied. Die begeerte om afstand te doen van interpretasie is gemotiveer deur 'n begeerte om ontslae te raak van elitisme en aristokrasie. Weg met interpretasie. As ons slegs die positiewe reg, soos vervat in die nuutgekodifiseerde *Code Civil* - so het die argument geloop - as reg erken, dan sal die burger nie weer blootgestel word aan magsmisbruik in die naam van die reg nie en is die mens nie meer oorgelewer aan die wollerigheid van regsbeginsels nie. Dan kan daar vorentoe gegaan word

op die pad van “vryheid, gelykheid en broederskap”. Maar om dit te bereik moet daar vir goed ontslae geraak word van interpretasie.

In hierdie rede wil ek met u enkele gedagtes wissel oor die beoefening van die regs wetenskap en die regsfilosofie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in 'n nuwe staatkundige en universitêre bedeling. Ek wil enersyds terugkyk op ons voormalige Universiteit (die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys) se Christelik-reformatoriese erfenis en andersyds na die opgaaf van die Potchefstroomkampus se Fakulteit Regte in 'n veranderde en veranderende Suid-Afrika en universiteitsopset. In die loop van die uiteensetting sal ek die fokus laat val op interpretasie, 'n tydgebonde menslike verstaans- en sinmakingshandeling. Andersyds sal die aandag gevestig word op die historiese en intellektuele konteks waarbinne interpretasie plaasvind.

2 TOE EN NOU

2.1 1981: Lourens du Plessis

Laat ek hierdie taamlik algemene en abstrakte opmerkings 'n bietjie konkreter maak. Ek lewer vandag hierdie intreerede in 2005 in Potchefstroom aan die Potchefstroomkampus van die nuwe Noordwes-Universiteit.

Meer as twee dekades gelede het 'n voorganger van my, Lourens du Plessis, sy intreerede as professor in Regsfilosofie gehou, eweneens in Potchefstroom, maar anders as ek het hy dit gedoen aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, soos dit toe was. Daardie rede het onmiskenbaar in 'n bepaalde Christelike intellektuele tradisie gestaan. Hy het dit by daardie geleentheid meermale oor die akademiese vorming en opleiding van die jong Suid-Afrikaanse juris gehad en baie eksplisiet aangetoon dat hy - in sy ampsvervulling aan

die PU vir CHO - 'n reformatories-Christelike beskouing sou volg as die rigsnoer van sy regsonderrig en -navorsing.

Vir 'n bietjie historiese konteks, onthou gerus dat dit nog in die ou, apartheid Suid-Afrika was, toe die PUK – in oud-rector Tjaart Van der Walt se woorde – “onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans” was. Lourens du Plessis, wat hom in sy doktorske proefskrif (1978) ingegrawe het in die Christelike geregtigheidsbegrip, het hom meermale krities uitgelaat oor die apartheidsideologie en oer-reformatories het hy hom nie berus by die destyds-heersende situasie nie, maar dit krities aan normatiewe beoordeling onderwerp. Tog sou hy sy leerstoel beklee aan 'n universiteit wat moes funksioneer binne die regsgrense wat die destydse owerheid daarvoor getrek het. Dit was die tyd toe die Universiteit nog sy Private Wet³ gehad het, waarvan artikel 25(1) die PUK se eie Christelike karakter en in artikel 25(2) die student se gewetensvryheid wetlik beskerm het. Die datum waarop hierdie Private Wet deur die Parlement geloods is, was 1950, dit wil sê kort nadat die Nasionale Party in 1948 die bewind in Suid-Afrika oorgeneem het. Terwyl die PUK se strewe om 'n Christelike instelling vir tersiêre onderwys te wees veel verder teruggaan in die geskiedenis as 1950 (kyk Van der Schyff, 2003: *passim*), was die politieke klimaat in die laat-veertiger en vroeg-vyftigerjare van die vorige eeu veel meer ontvanklik vir 'n instelling wat Christelik sowel as Afrikaans was as wat tevore die geval was.

2.2 2005: Jan Swanepoel

Sedertdien het veel verander: ek lewer hierdie intrede aan 'n nuwe saamgesmelte universiteit in 'n nuwe Suid-Afrika. Daar is 'n nuwe *Wet op Hoër Onderwys* 101 van 1997 en Suid-Afrikaanse universiteite se

³ *Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* 19 van 1950. Hierdie Wet is in 1993 hersien en weer afgekondig met dieselfde titel.

Private Wette is ingevolge die *Higher Education Amendment Act* van 2001 herroep. Verder het daar in Suid-Afrika 'n ingrypende herstrukturering van tersiêre onderwys plaasgevind. Die samesmelting van instellings van hoër onderwys is deur artikel 25 van Wet 101 van 1997 gemagtig. So ver dit tersiêre onderwys en opleiding aangaan, is die eertydse ideologie van Christelik-nasionale onderwys vervang met 'n ideologie van radikale transformasie, ook op die terrein van hoër onderwys. Ek gaan my opdrag as professor uitvoer aan 'n universiteit wat hom in sy nuwe statuut verbind tot die verwerkliking en uitbouing van die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

2.3 Impak van die veranderde en veranderende bedeling

Ek ondersoek vervolgens die impak wat die bogenoemde verandering moontlik mag hê op

- die status van 'n karakteruniversiteit
- die beoefening van die regs wetenskap aan 'n waardegedrewe instelling
- die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, sy LL B-program en sy tipiese beskouing van die regs wetenskap.

3. KARAKTERUNIVERSITEIT

3.1 Herbesinning

Dat die aanbreek van 'n nuwe grondwetlike bedeling herbesinning en herposisionering van die universiteite sou verg, en in besonder van 'n karakteruniversiteit soos die PU vir CHO, is lank reeds begryp.

3.1.1 Navorsingsprojek

In 'n navorsingsprojek van die Fakulteit Regte wat in 1994 (die jaar waarin ons grondwetlike demokrasie 'n aanvang geneem het) gepubliseer is, het 'n groep regs akademici onder leiding van professor Willem Scott,

destyds viserektor van die PU vir CHO en ook vroeër dekaan van die Fakulteit Regte, die regsposisie van die PU vir CHO in 'n nuwe grondwetlike bedeling probeer peil. Dit was in 1994, 'n hele paar jaar voor die omwenteling wat Suid-Afrikaanse universiteite sou tref. Hul bevinding was dat die Private Wet, die Statuut, die gebruike, tradisies en gewoontes asook die reëls en beleidstukke van die PU vir CHO nie in botsing was met die bepalings van die 1993-Grondwet en die fundamentele regte wat daarin beskerm is nie (1994:283).

3.1.2 'n Ander standpunt

Alhoewel hierdie bevinding akademies beredeneer is, hou dit natuurlik nie in dat daar nie hieroor verskil van mening sou kon bestaan nie. Hier kan byvoorbeeld na 'n enkele voorbeeld – weggesteek in 'n voetnoot in *The Bill of Rights Handbook* (2001:292 n 20) – verwys word. Hier oorweeg De Waal, Currie en Erasmus die vraag of 'n godsdienstige organisasie by aanstelling van personeel mag diskrimineer teen persone wat 'n lewenstyl volg wat bots met daardie geloofsgemeenskap / organisasie se dogmatiese oortuigings. Hulle doen aan die hand dat sodanige diskriminasie deur die kerk waarskynlik wel toelaatbaar sou wees op grond daarvan dat 'n onderskrywing van die godsdiens en die leerstukke daarvan deur 'n werknemer 'n inherente vereiste vir die spesifieke werk is. In die voetnoot laat die outeurs hulle dan soos volg uit oor die eertydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se posisie in terme van sy Private Wet van 1993:

“It goes without saying that non-religious institutions may not make the same claims. The provision in the incorporating Act of the Potchefstroom University for Christian Higher Education that requires the council of the university to ensure that the ‘Christian Historical character’ of the university is maintained when appointing academic and non-academic staff is therefore unacceptable: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Private) Act (House of Assembly) 80 of 1993.”

3.1.3 Steeds in lyn na die 1996-Grondwet en die samesmelting?

Sou 'n mens egter argumentsonthelwe veronderstel dat die navorsingspan se bevinding juis is, moet 'n mens die vraag vra of dit vandag – na die 1996-Grondwet en die regsontwikkeling wat sedertdien plaasgevind het en na die samesmelting van die PU vir CHO en die University of North-West - steeds steek hou.

3.1.4 Private Wet

Vir die bevinding dat 'n karakteruniversiteit met die eise van die 1993-Grondwet bestaanbaar is, het die navorsingspan hulle op statutêre en gewoontereglike gronde beroep (1994:49). So ver dit die statutêre gronde aangaan, is dit duidelik dat daar - na die herroeping van die Private Wet van die PU vir CHO (wat saam met die Private Wette van ander Universiteite in Suid-Afrika deur die *Higher Education Amendment Act* van 2001 herroep is) en van die destydse Statuut van die Universiteit - nie meer op hierdie basis gesteun kan word nie.

3.1.5 Gewoontereg

Wat die gewoontereg betref, is dit so dat die nuwe Grondwetlike bedeling nie die gewoontereg en gemenerereg geskrap het nie, en dat dit steeds gelding geniet in Suid-Afrika. Maar – soos blyk uit artikel 39(2) van die Grondwet, 1996 - geld daar 'n belangrike kwalifikasie in hierdie verband. Dit is naamlik dat howe in die interpretasie van die gewoontereg (soos trouens ook van enige wetgewing en van die gemenerereg) die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte moet bevorder. Sou die gewoontereg strydig wees met bepalings in die Handves van Regte of nie heeltemal daarmee versoenbaar wees nie, dan is dit die gewoontereg wat of geskrap of gewysig en ontwikkel moet word om met die Grondwet bestaanbaar te wees, en nie andersom nie.

3.1.6 'n Universiteit is sy mense

'n Mens sou die vraag of 'n bepaalde kampus van 'n waardegedrewe universiteit steeds as 'n karakterinstelling kan deurgaen, ook nie-juridies kon probeer beredeneer. Daar sou byvoorbeeld gewoon feitelik daarop gewys kon word dat die personeel op die Potchefstroomkampus van die NWU nog breedweg dieselfde saamgestel is as wat dit in die PUK se dae was en dat die meerderheid akademici op kampus 'n bepaalde lewensbeskouing en wetenskapsbeskouing deel. Mense, en die etos waarvoor hulle staan, verander nie maar sommer soos wat die winde van verandering hulle wil waai nie. Die saak vir 'n karakterinstelling word volgens hierdie soort argumentasie veranker in die gemeenskap waaruit die instelling bestaan en vir wie so 'n instelling wil dien. Hier moet natuurlik in gedagte gehou word dat die Potchefstroomkampus net een van die samestellende dele van die nuwe universiteitsinstelling uitmaak en dat personeel van die Mafikengkampus histories-gesproke nie hierdie tradisie en etos deel nie. Wat meer is, die aandrang op transformasie (soos aanvaar en onderskryf in die NWU se *Institutional Plan 2006-2008 and beyond*, veral paragrawe 2.2 en 7.3) en die daarmee gepaardgaande aanstelling van personeel uit die geledere van persone wat nie tipies die Protestants-Christelike en Afrikaanse oriëntering deel nie, sal na alle waarskynlikheid binne die afsienbare toekoms 'n beduidende verandering in die samestelling van die universiteitsgemeenskap meebring.

3.1.7 'n Universiteit word gekenmerk deur sy beleid

Verder blyk die karakter van 'n Universiteit uit sy beleidstukke, by name sy wetenskaps-, onderrig- en navorsingsbeleid. Op hierdie terrein het daar tot dusver nie beduidende verandering ingetree nie. Die nuwe Universiteit het tot dusver grootliks die beleidstukke van sy vlagskipkampus oorgeneem, tot groot wrewel van diegene wat die "Potchification" van die nuwe Universiteit met argwaan bejeën.

3.2 Situasi na die ondertekening van die Statuut (2005): waardestelsel en die herinkleding van die geskiedenis

3.2.1 Aard van die instelling

Ten spyte van bogenoemde oorwegings meen ek dat hierdie kampus nou 'n ander instelling is as wat dit voor die samesmelting was. Dit blyk uit die nuwe Statuut van die Noordwes-Universiteit wat onlangs onderteken is. Die Aanhef daarvan stel dit duidelik op watter basis die nuwe Universiteit regtens gesproke gegrond is. Die tersaaklike gedeeltes daarvan die lui soos volg:

“IS DIE NOORDWES UNIVERSITEIT NOU
'n unitêre multikampusinstelling;
met 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde;
gedrewe deur 'n enkele stel grondwetlik gebaseerde waardes, in die
besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid; met 'n visie en
missie om eenheid in verskeidenheid te bevorder deur
verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe te kweek ten einde
sodoende 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en
gemeenskapsdiens te verseker;
wat sy eie korporatiewe handelsnaam en identiteit ontwikkel; en
wat 'n unieke institusionele kultuur en etos ontwikkel, gegrond op
die eenheid en waardestelsel van die Universiteit.” (My
onderstreping, JS)

3.2.2 Formulering van waardestelsel

In hierdie teks is die waardestelsel waarop die PU vir CHO gestaan het na my mening anders geformuleer as wat dit tradisioneel gedoen is. In dieselfde Aanhef lees ons dat die voormalige instellings waaruit die nuwe Universiteit tot stand gekom het “verbind was tot die waardes vervat in die Grondwet”. Hierdie formulering is nie onjuis nie, maar vermeld niks van wat ek vermoed die personeel van die PU vir CHO se voorkeur sou wees nie, naamlik dat die PU vir CHO gegrond was op 'n eksplisiet Christelike waardestelsel. Let verder op dat – terwyl albei vermeld word – daar in hierdie formulering meer prominensie aan eenheid as aan

verskeidenheid verleen word en dat daar 'n nuwe institusionele kultuur en etos in die vooruitsig gestel word, gebaseer op die eenheid en waardestelsel van die nuwe Universiteit.

Die nuwe Universiteit is dus uitdruklik regtens gerig en gedryf deur grondwetlike waardes. Dit is die geval, selfs al sou die Universiteit per taakooreenkoms voortgaan om van sy nuwe dosente te verwag om kursusse in Wetenskapsleer (vroeër bekend as “Christelike wetenskap”) te deurloop, al is dit 'n verklaarde strategiese prioriteit van die Universiteitsbestuur om die filosofiese skoling van sowel dosente as studente aan hierdie waardegedrewe instelling te bevorder en uit te bou, en al verseker personeel mekaar retories dat ons eertydse “van” van die Universiteit (te wete “vir Christelike Hoër Onderwys”) nie meer op die Universiteitshek of Universiteitswapen staan nie, maar in ons hart.

3.2.3 Interpretasie van geskiedenis

As 'n mens histories met die sogenaamde feite wil werk, dan moet jy daarop bedag wees dat feite oop is vir interpretasie. By 'n besinning oor die samestelling van die Raad van die nuwe Universiteit het die vraag byvoorbeeld opgekom wie kwalifiseer om as die “oorspronklike oprigters” daarvan beskou te word. Die standpunt van die Pochefstroomkampus was heel voorspelbaar – en met goeie historiese grond – dat dit op die Gereformeerde Kerk (tans die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika) betrekking het, terwyl die Mafikengkampus se mense van oordeel was dat dit betrekking het op persone uit hul gemeenskap wat gemoeid was met die vestiging van die destydse *University of Boputhatswana*. Die Minister van Nasionale Onderwys het die saak egter anders gesien. Omdat die samesmelting 'n nuwe instelling op die been bring, was haar standpunt dat sy – in haar hoedanigheid as Minister - die oorspronklike oprigter van die Universiteit is. Die feit dat die Ministerie ook daarop aangedring het dat die uiteensettings van die

geskiedenis van die samestellende gedeeltes van die nuwe instelling nie uitgebreid in die Statuut vermeld moes word nie,⁴ toon aan dat bogenoemde standpuntname nie geïsoleerd is nie. Hierdie verskillende perspektiewe illustreer natuurlik iets van abstrahering. Terwyl die samesmeltende instellings histories gesproke 'n punt beet gehad het, kan daar eweneens uit juridiese hoek 'n saak vir die Minister se standpunt uitgemaak word.

4. REGSWETENSKAP AAN 'n WAARDEGEDREWE INSTELLING

4.1 Waardes en waardegedrewenheid

Iemand wat hom op die gebied van waardes wil begewe, moet hom daarvoor gereed maak dat hy 'n terrein betree wat nie alleen hoogsomstredende is nie, maar ook een waarin die terminologie alles behalwe geïk is. Om met Frankena (1967:229) te praat:

“The terms ‘value’ and ‘valuation’ ... are used in a confused and confusing but widespread way in our contemporary culture, not only in economics and philosophy but also and especially in other social sciences and humanities.”

Daarom doen hy aan die hand dat 'n mens maar omsigtig daarmee moet omgaan, omdat die gebruik daarvan uiteenlopend en botsend is, selfs onder filosowe. Die diskoers oor waardes (in hierdie ruimer sin) is histories gesproke 'n betreklik jong verskynsel, skaars maar 'n bietjie meer as 'n eeu oud. Voordat waardetaal inslag gevind het, is daar eerder gepraat oor “die goeie”.

⁴ Die Aanhef tot die Statuut vermeld bloot saaklik: “AANGESIEN DAAR 'N UNIVERSITEIT IS MET SY SETEL TE POTCHEFSTROOM wat tot stand gekom het deur die samesmelting van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys en en die University of North West [...]” Die Statuut wil dit laat voorkom of die nuwe Universiteit nie die geskiedenis van sy samestellende dele met trots in herinnering kan roep nie. Die uiteindelijke formulering is anders as dié wat deur die Bestuur van die Universiteit aan die Departement van Hoër Onderwys en Minister voorgestel is.

4.2 Waardes en wetenskap in die PUK-tradisie

Iemand wat die intellektuele en historiese tradisie van die PUK ken, weet maar te goed hoe die PU vir CHO – in woord en daad – voor die samesmelting nog nooit waardeneutraliteit voorgestaan het of ideologies neutraal was nie. Daarom is die tersaaklikheid van waardes in wetenskapsbeoefening vir personeel van die Potchefstroomkampus niks nuuts of vreemds nie.

4.3 Lewensbeskouing , (vakfilosofie), vakwetenskap

Die geskiedenis van die PU vir CHO is diep gewortel in die oortuiging dat mense se lewensbeskoulike oortuigings saak maak in hoe 'n mens die wetenskap bedryf of behoort te bedryf. En hierdie oortuiging leef steeds sterk by baie wat aan die Potchefstroomkampus van die NWU werk. Daar is dwarsdeur die geskiedenis van die PU vir CHO - in 'n tydsgewrig toe 'n positivistiese wetenskapsbeskouing (met sy klem op feite eerder as waardes) die destydse intellektuele toneel oorheers het - nie gehuiwer om op hierdie punt alleen te staan nie.

Anders as wat sommiges dit simplisties sou wou hê, is die sprong tussen lewensbeskoulike oortuigings aan die een kant en vakwetenskap aan die ander kant nie iets onbemiddeld nie. Daar word nie sommer outomaties oorbeweeg van die eie konfessionele oortuigings na die vakwetenskappe nie. Nee, daarvoor speel die intellektuele tradisie waarbinne wetenskaplikes gevorm word 'n te groot rol, want wetenskapsbeoefening is 'n kollektiewe en sosiale aktiwiteit. Die reg word bestudeer deur die lens van filosofiese en vakfilosofiese aannames van 'n bepaalde gemeenskap van wetenskaplikes. As die heersende denkklimaat aan 'n universiteit een sou wees waarin daar in die wetenskap met “feite” gewerk word en nie met die wollerigheid van beginsels en norme (oftewel sogenaamde metafisika) nie, dan sal die wetenskap wat binne so 'n beskouing totstandkom waarskynlik die merktekens van hierdie

implisiete of geëkspliseerde aannames toon. Eweneens, as die heersende denkklimaat deuraar sou wees van die postmodernisme en die relativisme wat daarmee gepaard gaan, dan sal dit geen verrassing wees as die wetenskap wat daaruit voortvloei ook die tekens daarvan toon nie.

4.4 Paradigmas en modelvoorbeelde

Dat die wetenskapstradisie waarbinne 'n wetenskaplike werk, 'n diepgaande invloed het op hoe hy sy wetenskap beoefen, is oortuigend aangetoon deur die wetenskapshistorikus, Thomas Kuhn (1970), met sy paradigmaleer en sy uitwysing van die belangrikheid van modelvoorbeelde in die vorming van wetenskaplikes. Dieselfde geld vir die regs wetenskap: as dit verklaard beoefen sou word met die hoof fokus op die feite, dan moet 'n starre *Begriffsjurisprudenz* 'n mens nie verras nie. Indien dit egter eksplisiet uitgebou word met die onderskrywing van bepaalde waardes, dan kan 'n mens verwag dat hierdie waardes ook neerslag sal vind in hoe wetenskappers met die reg en die regs wetenskap omgaan.

Aan die PU vir CHO het 'n bepaalde Christelike tradisie deurlopend die batoon gevoer. Maar nou, hier in die aanvangsjare van die Noordwes-Universiteit, behoort ons 'n intellektuele eksperiment uit te voer en onself ernstig die volgende vrae af te vra: As ons aan hierdie kampus heeltemal nuut sou kon begin, hoe sou ons die regs wetenskap aan die NWU-PUK *idealiter* wou beoefen? Sou ons volstaan by die benadering wat ons tradisioneel aan die PU vir CHO gevolg het? Of sou ons dele daarvan wou behou maar aan ander daarvan verstellings wou aanbring? Of sou ons eerder 'n heeltemal nuwe baadjie wou aantrek en heeltemal *de novo* wou begin (of dit nou gemotiveer word deur diepe oortuiging, ekonomiese oorwegings of politieke dienstigheid)?

4.5 Waardes as interpretasiesleutels

Dat waardes 'n belangrike rol in regsinterpretasie, -ontwikkeling en – verandering te speel het, is onmiskenbaar. Dit feit dat hierdie waardes – dié van menswaardigheid, gelykheid en vryheid - telkens en wel op kardinale punte - in die Grondwet vermeld word,⁵ dien as bewys hiervan.

4.6 Waardes moet self geïnterpreteer word

Terwyl die Grondwet dus geen onduidelikheid laat oor watter waardes grondliggend is aan Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie nie, bied dit geen voorskrifte oor hoe hierdie waardes toegepas moet word nie. Hoe waardes in 'n konkrete geval sal toepassing vind, sal onder meer afhang van die feite van die betrokke situasie of geval. Kortom, die waardes wat ons moet gebruik om te interpreteer moet self geïnterpreteer word. Dit is nie bloot gewenes nie. Wat meer is, daar is sterk aanduidings daarvan dat wanneer daar gepraat word van die waardes wat die Suid-Afrikaanse demokratiese samelewing kenmerk, hierdie waardes betrekking het op waardes van 'n abstrakte en ideale gemeenskap en nie van die gemeenskap soos dit tans daar uitsien nie (De Waal & Currie, 2005:159).

4.7 Interpretasiebenaderings

Daarom sal daar fyn nagegaan moet word hoe daar aan hierdie waardes gestalte gegee word in die regspraak, veral in dié van die Konstitusionele Hof. In laasgenoemde forum is al by meer as een geleentheid duidelike aanduidings gegee van die interpretasiebenadering wat die howe sal volg by die beregting van fundamentele regte. So staan dit byvoorbeeld reeds

⁵ Om maar die heel belangrikstes te noem:

- Artikel 1: die sogenaamde vestigings- of stigtingsklousule.
- Artikel 7(1), die aanvangsklousule van die Handves van Regte, lui soos volg:
“Hierdie Handves is die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.”
- Ook in artikel 36(1), die sogenaamde beperkingsartikel, figureer hierdie waardes prominent.
- Artikel 39, die sogenaamde uitlegklousule, verwys eweneens eksplisiet na dieselfde drietal waardes.

vas dat die Howe 'n sogenaamde “generous approach” sal volg wat daarna sal streef om persone se regte te laat gedy.⁶ Daar word ook meermale melding gemaak van doeldienende of “purposive interpretation” wat daarop gemik is op “teasing out the core values that underpin the listed fundamental rights in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom and then and then to prefer the interpretation that best supports and protects those values.” (De Waal & Currie, 2005:148)

Dat die Grondwet en die *Wet op Hoër Onderwys* nie neutraal en waarde-vry is nie, kan afgelei word uit die vooropstelling van die waardes van die nuwe grondwetlike bedeling in hierdie tekste. Wat vir die staatkunde geld, is na alle waarskynlikheid nie sonder enige betekenis vir die universiteitswese in die land nie (al mag daar 'n mate van oorvertaalwerk tussen die twee kontekste nodig wees). Hierdie drietal waardes is nie soseer waardes wat direk met die wetenskapsbeoefening as sodanig verband hou nie, maar dit het wel deeglik iets te make met menslike gedrag (dit waarmee die reg hom besig hou).

Die vraag is nou: Verg 'n verbondenheid aan die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid dat ons as universiteitsdosente / ek as wetenskaplike moet afstand doen van diepgehuldigde lewensbeskoulike en wetenskapsteoretiese vertrekpunte asook van oortuigings van die wetenskaplike tradisie waarbinne my voorgangers – mense soos LJ (Wikus) Du Plessis, Johan Van der Vyver, Lourens du Plessis en Peet Van Niekerk - gewerk het?

⁶ Vergelyk byvoorbeeld *S v Zuma and Others* (1995 (2) SA 642 (K)) – 'n leidende gewysde oor grondwetlike hermeneutiek in die Suid-Afrikaanse reg. Daarin verwys die Hof by monde van waarnemende regter Kentridge in paragraaf 13 met instemming na die *dicta* van Lord Wilberforce in die Privy Council in *Minister of Home Affairs (Bermuda) v Fisher* (1980). Daar word gestel dat grondwetlike hermeneutiek van gewone hermeneutiek verskil en “a generous interpretation ... suitable to give to individuals the full measure of the fundamental rights and freedoms referred to” verg.

5. DIE FAKULTEIT REGTE EN SY LL B-PROGRAM

Kom ons bring hierdie problematiek 'n bietjie nader aan die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus.

In die Fakulteitsplan – 'n interne dokument opgestel deur die dekaan en goedgekeur deur die fakulteitsdagbestuur- word die doel van die Fakulteit soos volg geformuleer:

“Die doel van die Fakulteit Regte is om regsonderrig op voorgraadse en nagraadse vlak te bied, om regs wetenskaplike navorsing te doen en die regskundigheid wat deur die Fakulteit gemobiliseer kan word, te implementeer, ten einde die Suid-Afrikaanse regsprofessies, die howe en die gemeenskap te bedien en so tot die ontwikkeling van die land by te dra.”

Die programuitkomst van die LL B gee 'n duidelike uiteensetting van wat die student in staat moet wees om te kan doen, as hy / sy hierdie program suksesvol deurloop het. In verkorte vorm lui dit so:

“'n Student wat die LL B-graad behaal, moet —
as regsgeleerde [...] die grondslae en die beginsels van die regs-
wetenskap beheers [...]

b) 'n algemene vorming as beginselvaste juris met insig in die hantering van grondvrae in die reg ondergaan het. Hierdie vormingsproses sluit die volgende in:

kennisverwerwing en persoonlike standpuntformulering oor basiese regsfilosofiese en regsteoretiese kwessies en die konkretisering daarvan in die verskillende regsmodules;

vertroumaking met 'n Christelike perspektief op die reg naas ander perspektiewe;

c) daartoe in staat wees om onafhanklik as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regs wetenskap beheers, verder te ontwikkel. [...]” (My onderstreping, JS)

Die vraag wat ontstaan is of die doelwit geformuleer in b) ii) hierbo – te wete die vertrouwdmaking met 'n Christelike perspektief op die reg naas andere - nog in orde is in ons nuwe grondwetlike bedeling en veranderde universiteitsopset. Kom hierdie vooropstelling van die Christelike perspektief - weliswaar as 'n perspektief naas andere - nie neer op die bevoordeling van een perspektief bo ander nie, iets wat daarom onbillik diskrimineer teen persone wat ander perspektiewe op die reg nahou?

Dat hierdie vraag nie te ligtelik opgeneem moet word en somer as 'n onbenulligheid afgemaak kan word nie, kan afgelei word in die uitspraak in die bakensaak in die Konstitusionele Hof oor godsdienstrete in Suid-Afrika, te wete *S v Lawrence*, *S v Nagle*, *S v Solberg*. In hierdie saak het dit daaroor gegaan of kruideniers daarop geregtig is om op sogenaamde geslote dae (waaronder Sondae, Kersfees en Paasfees, wat as gemene deler het dat dit dae met 'n Christelike konnotasie is) wyn aan hulle klante te mag verkoop. Die Konstitusionele Hof was verdeeld daaroor of wetgewing waarvan sekere bepalinge by implikasie by 'n bepaalde godsdien – in hierdie geval die Christendom – aansluiting vind, die menswaardigheid van persone aantast wat nie tot daardie godsdien behoort nie.

Wyer geformuleer (op so 'n wyse dat dit nie net gaan oor die regsopleiding nie, maar ook oor die wetenskapsbeoefening op hierdie kampus oor die algemeen) kan die vraag soos volg gestel word: Sou die keuse om die wetenskap te beoefen vanuit 'n bepaalde Christelike perspektief hierdie kampus van die Universiteit nie ooplaat vir 'n aanklag dat dit - weens die grondslag waarop die kampus hom stel en die wyse waarop die wetenskap alhier beoefen word – die fundamentele regte van ander persone – hetsy studente of dosente - aantast of beperk nie?

Binne Suid-Afrikaanse konteks sal die vrae of sodanige grondslag onbillik diskrimineer op een van die gronde gelys in artikel 9 van die

Grondwet, 1996 van deurslaggewende belang wees. Die vraag sal gewoon wees: diskrimineer hierdie kampus onbillik op grond van ras, geloof, gewete, kultuur, taal en dergelike meer?⁷

6. GRONDWETLIKE GRONDE

Op watter grondwetlike gronde sou die Fakulteit Regte 'n beroep kon doen om óf 'n verweer te opper teen 'n aanklag van onbillike diskriminasie óf om dit te regverdig dat daar op hierdie kampus voortgegaan word soos in die verlede?

6.1 Moontlike gronde

Dit wil my voorkom of die volgende grondwetlike gronde ter verweer of regverdiging oorweeg sou kon word:

Daar sou 'n beroep gedoen kon word op artikel 15(1) van die Grondwet, te wete die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

Daar sou gesteun kon word op artikel 30 wat aan 'n persoon die reg gee om sy taal te gebruik en om deel te neem aan die kultuur van sy keuse, met die voorbehoud dat niemand hierdie regte op so 'n wyse mag uitoefen dat dit onbestaanbaar is met enige reg in die Handves van Regte nie.

Daar sou 'n beroep gedoen kon word op artikel 31, wat bepaal dat 'n persoon wat behoort tot 'n kulturele, godsdienstige of taalgemeenskap nie die reg ontsê mag word om met ander lede van daardie gemeenskap sy kultuur te geniet, sy godsdiens te beoefen en sy taal te gebruik nie, of om assosiasies en ander organe van die burgerlike samelewing te vorm, dit in stand te hou of daarby aan te sluit nie. Weer eens geld hier 'n proviso:

⁷ Vir die gedetailleerde toets wat howe in hierdie verband anlê, kyk *Harksen v Lane NO and Others* 1998 1 SA 300 (K).

hierdie regte mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat onbestaanbaar is met enige bepaling in die Handves van Regte nie.

Alhoewel 'n mens nie met sekerheid kan voorspel wat howe in sodanige gevalle sou beslis nie, meen ek nie dat die kans op sukses baie goed is as daar op een of meerdere van bogenoemde gronde geargumenteer sal word nie. Die eerste rede hiervoor is dat dit 'n ope vraag is of artikel 15(1) ook op regs persone (en nie net op natuurlike persone nie) betrekking het. Alhoewel artikel 8(4) van die Grondwet bepaal dat 'n regspersoon op die regte in die Handves van Regte geregtig is in die mate waarin die aard van die regte en die aard van die regspersoon dit vereis, is dit onwaarskynlik dat bevind sou word dat 'n universiteit oor so 'n reg beskik.

Artikels 30 en 31 lyk ook nie na baie goeie kandidate nie, gewoon omdat albei daarvan intern gekwalifiseer is (dit wil sê dat daardie regte slegs uitgeoefen kan word op voorwaarde dat dit nie met ander regte in die Handves van Regte onbestaanbaar is nie). Verder moet daarmee rekening gehou word dat die samelewingsverband waarom dit hier gaan 'n universiteit is (en nie byvoorbeeld 'n kerk nie).

Desnieteenstaande is die antwoord op die vraag of die Grondwet van 'n wetenskaplike kan vereis om in wetenskapsbeoefening sonder meer van sy / haar eie waardestelsel afstand te doen na my mening 'n duidelike "nee".

Op 'n primêre vlak behoort hierdie vraag ontkenend beantwoord te word omdat die Grondwet – as onderdeel van die vryheid van uitdrukking wat in artikel 16 beskerm word - pertinent in artikel 16(1)(d) akademiese vryheid en vryheid van akademiese navorsing as grondwetlike regte erken en beskerm.

6.2 Akademiese vryheid

Die inhoud van akademiese vryheid behels – soos goed deur TB Davie, destydse rektor van die Universiteit van Kaapstad, in 'n toespraak geformuleer wat hy in 1953 aan nuwelingsstudente gelewer het - “a fourfold right of a university to determine for itself on academic grounds who may teach, what may be taught, how it shall be taught and who may be admitted to study” (Venter, 2201:1-2). Hierdie omskrywing is later in die Amerikaanse regspraak opgeneem in die saak *Sweezy v New Hampshire* 354 US 234 op 293 en bevestig in *Regents of the University of California v Bakke* 438 US 265. Soos Venter (2001:3) tereg aantoon het die eerste van hierdie twee elemente betrekking op 'n universiteit as 'n regspersoon, terwyl die laaste twee slaan op die individuele wetenskaplike.

Die lewensbeskoulike kader waaruit akademiese vryheid ontstaan het en gevoed word is die Liberalisme, 'n lewensbeskouing en filosofie waarin die individu, sy vryheid en regte sentraal. Hierdie vryheidsbeskouing is oorwegend 'n negatiewe een: 'n persoon is *vry van iets*, eerder as *vry tot iets*. Toegepas op wetenskapsbeoefening behels hierdie negatief-gekonseptualiseerde akademiese vryheid dat niemand aan die wetenskaplike mag voorskryf wat hy / sy mag of nie mag bestudeer nie. Dit behels ook dat daar nie aan 'n persoon voorskrifte gegee kan word oor die lewensbeskoulike en teoretiese kader waaruit hy / sy die wetenskap wil beoefen nie.

6.3 Afrika-denkers se perspektief

Dit is opvallend dat akademiese vryheid binne 'n Afrika-konteks meermale deur Afrika-denkers met agterdog bejeën word. Hierdie agterdog spruit uit 'n beskouing wat aferig staan teenoor die bedryf van die akademie vanuit 'n ivoortoring, los van sosiale betrokkenheid en maatskaplike relevansie. So ver dit die bedryf van die akademie aangaan

word relevansie en uitnemendheid beskou as twee beginsels wat rigtinggewend moet wees vir die ontwikkeling van hoër onderwys, maar dan in 'n bepaalde volgorde: “relevance and excellence, in that order of priority” (kyk Kaya, 2005:1). Die beskuldiging wat verskeie Afrika-denkers teen westerse hoër onderwys met sy hoogagting van akademiese vryheid inbring, is die klem wat daarin op rasionaliteit en op afstandelikheid (“detachment”) geplaas word. Om met Kaya (2005:3) te praat: “The ethos of western higher education system puts a special premium on a form of rationality, which aspires to neutral universalism including freedom from external interference, especially from political demands.” Die gedagte in regeringskringe dat 'n universiteit 'n sogenaamde “nasionale bate” is (en daarom diensbaar / dienstig aan die staat behoort te wees) word hierdeur in perspektief gestel.

Die vierledige inhoud van akademiese vryheid – soos hierbo uiteengesit – vermeld nie eksplisiet dat die wetenskaplike of die instelling die lewensbeskoulike of filosofiese hoek en waardestelsel kan kies waarbinne dit die wetenskap wil beoefen nie. Dit is egter na my mening noodwendigerwys daarby geïmpliseer, aangesien universiteite wat die wetenskap beoefen standpunt-instellings is. Daar sou waarskynlik slegs 'n toetsaak hiervan gemaak kon word, indien sodanige perspektief en waardes die grondwetlike waardes direk sou ondermyn, en selfs in so 'n geval sou die howe waarskynlik met groot omsigtigheid daarmee omgaan. Toegepas op hierdie kampus van ons Universiteit voorsien ek nie so 'n situasie nie, aangesien menswaardigheid, gelykheid en vryheid versoenbaar is met 'n Christelike aanpak en waardestelsel. Trouens, hierdie grondwetlike waardes is – weliswaar nou in gesekulariseerde vorm – spreekwoordelik die kinders daarvan.⁸ Dit is waardes waarmee

⁸ Vir agtergrond oor die oorgang van 'n Christelike na 'n humanisties-gesekulariseerde lewensbeskouing, kyk Tarnas (1991: 223 ev).

mense wat vervul is van geloof, hoop en liefde hulle in den brede sou kon vereenselwig, afhangend van hoe hierdie waardes ingeklee word.

Die beroep op akademiese vryheid as bondgenoot in die stryd om 'n waardegedrewe wetenskap is meer as ligweg ironies. Histories genome is dit bekend dat tradisioneel Afrikaanse universiteite hulle in die apartheidsjare veel minder bekommer het oor die beskerming van akademiese vryheid as akademici aan instellings wat in direkte opposisie tot die destydse regering en sy beleid vir hoër onderwys gestaan het (Du Plessis, 1997:189; Venter 2001:3) Alhoewel die reformatoriese tradisie intellektueel nog altyd krities gestaan het teenoor die liberalisme met sy eensydige beklemtoning van menslike outonomie en vryheid, wil dit my voorkom of die reg op akademiese vryheid regtens gesproke die krom stok is waarmee 'n reguit hou in die teenswoordige bedeling geslaan kan word.

Dit wil my egter voorkom of hierdie reg 'n reg is wat 'n natuurlike persoon toekom eerder as 'n regs persoon, maar daar is nog nie gesag in hierdie verband nie.

7. KORT TRANSPOSISIE NA DIE REGSFILOSOFIE

Dit sal u seker nie ontgaan het nie dat ek tot dusver weinig in eksplisiete terme te sê gehad het oor die regsfilosofie. Die sleutelwoord in hierdie verband is “eksplisiet”, want die verhaal waardeur ek u begelei het – met sy toespitsing op die vraag na die beoefening van die regs wetenskap aan 'n nuwe waardegedrewe instelling - kan teoreties netjies tuisgemaak word binne die raamwerk van die invloedryke poging van Freeman (1996: 4) om die Regsfilosofie (“Jurisprudence”) te omskryf as die dissipline wat hom veral besig hou met die bestudering van drie vraagstukke, te wete met die algemene teoretiese besinning oor:

- die aard van die reg en van regstelsels (waarby ek metateoreties die regs wetenskap sou wou byvoeg)

- die verhouding van reg tot geregtigheid en moraliteit (waarby ek ook die politiek sou wou voeg), en
- die sosiale aard van die reg (bedoelende die sosiale instellings waarbinne die reg bedryf en bestudeer word).

8. AKADEMIESE BELEIDSVERKLARING

Hoe beoog ek om my akademiese vryheid aan die Noordwes-Universiteit op die terrein van die regs wetenskap en spesifiek van die Regsfilosofie te benut en binne watter konteks beskou ek my werksaamhede aan Fakulteit Regte?

8.1 Manifes (1)

Ek sal poog om die regs wetenskap te beoefen

- op 'n wyse wat erns maak met die historiese ontwikkeling van die reg en regstelsels asook met my eie historiese gesitueerdheid deur die nodige aandag te skenk aan die filosofiese en vakfilosofiese dimensies van die regs wetenskap, bewus van 'n verskeidenheid van pogings om teoreties van die reg rekenskap te gee, maar veranker in die tradisie waarbinne ek staan, 'n tradisie wat die soewereiniteit van God proklameer en die struktuur van God se werklikheid en die menslike kultuurarbeid (ook die werk op regsterrein) in hierdie werklikheid probeer oopdek
- met aanklank by 'n oortuiging van denkers van die hermeneutiese skool dat
 - * tradisie iets lewends is;
 - * ons vooroordele (of aannames) getuig van ons openheid vir die wêreld;
 - * ons die werklikheid probeer verstaan vanuit eie "home bases" en dat hierdie proses dinamies is

- in die oortuiging dat die taak van die regs wetenskap nie afgedaan is as die sogenaamde feite van 'n regs verskynsel beskryf is nie, maar dat die regs wetenskap normatief te werk behoort te gaan en moet soek na die beginsels wat hierdie verskynsel rig;
- deur 'n benadering te volg wat die reg nie reduseer tot naakte politiek nie
 en wat sensitief is vir die konteks waarbinne die regs wetenskap in ons tydsgewrig beoefen word
 en daarom deeglik rekening hou met menswaardigheid, gelykheid en vryheid as waardes waaraan daar binne die regs wetenskap en in die regs werklikheid inhoud gegee moet word.

8.2 Tussenspel

Laat ek die manifes hier 'n oomblik onderbreek. Dit is by die besinning oor en beregting van kontroversiële aangeleenthede in ons samelewing (ook oor die wetenskap en instellings soos universiteite) waar die rigtende waardes die Grondwet geoperasionaliseer moet word. Dit is hier waar hierdie waardes geïnterpreteer moet word en gaan word. Suid-Afrikaanse regs akademici leef in 'n tyd, waar die howe besig is om gestalte te gee aan die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Dit is 'n tyd waarin daar nuut gedink kan word. 'n Opwindende tyd. Maar een waar geleenthede aangegryp of deur die vingers geglip gaan laat word, soos wat hierdie waardes weer fossieleer.

Uit die ontleding hierbo van die beoefening van die regs wetenskap aan 'n nuwe inrigting moet diegene wat erns maak met die Christelike tradisie waarbinne die reg aan ons vroeëre *alma mater* bestudeer is, deeglik daarvan kennis neem dat die historiese en intellektuele konteks waarbinne die regs wetenskap beoefen gaan word, groter uitdagings gaan stel as dié waarmee ons voorgangers te kampe gehad het. Soos ek hierbo aangetoon

het, is die statutêre en gewoonteregtelike basis daarvoor nie wat dit vroeër was nie.

Ek vertrou dat u opgelet het dat ek in die titel van my voordrag digterlike vryheid gebruik het en die Bybelse beeld van die wyn en die sakke 'n bietjie omgestel het. Dit was nie weens swak kennis van die Skrifte nie. Die bedoeling daarmee was gewoon om te vra of 'n ou / bestaande wetenskapstradisie – metafories gesproke – geberg / bewaar kan word in die houe van 'n veranderde bedeling. Of die nuwe sakke die ou wyn gaan hou en of die leersakke gaan bars en die ou wyn gaan laat uitstort, sal die tyd moet leer. Dat die wetlike beskerming nie meer is wat dit eens was nie, is nie ongekwalifiseerd iets slegs nie. Wetlike beskerming het die geneigdheid tot 'n valse gerustheid aanleiding te gee, salig in die wete dat die sake *de iure* skeepreg is. Die verantwoordelikheid vir die uitbouing van 'n lewende tradisie berus nou by die individuele wetenskaplike, by die gemeenskap van wetenskaplikes en by diegene wat aan die stuur staan van die nuwe instelling waarbinne ons werk. Die tyd sal leer of dit werklik ons erns is.

8.3 Manifes (2)

Om dan die manifes te hervat:

Ek sal die regswetenskap beoefen in die besef dat

- regswetenskaplike teorieë ontwikkel moet word wat persone in staat stel om die regswerklikheid ten beste te verstaan;
- wetenskap mensewerk is en daarom voorlopig, iets wat nie die verantwoordelikheid van ons wegneem om so betroubaar moontlik te werk nie;
- wetenskap 'n institusionele dimensie het wat bydra tot die vormgewing daaraan;
- regswetenskaplikes op die wyse van die regswetenskap hul maatskaplike verantwoordelikheid behoort na te kom om

geregtigheid (die *ius boni et aequi*) te laat geskied in die konteks waarbinne ons geplaas is, terwyl daar daarteen gewaak moet word om polities en ideologies gekaap te word, of dit nou deur volksnasionalisme of breidellose transformasie is.

En dit wil ek aanpak in die oortuiging dat die waarheid vry maak.

VERWYSINGS

- Cotterrell R *The politics of jurisprudence A critical introduction to legal philosophy* (Londen Butterworths 1989)
- De Waal J Currie I en Erasmus G *The Bill of Rights handbook* 4de uitgawe (Landsdowne Juta 2001)
- De Waal J en Currie I *The Bill of Rights handbook* 5de uitgawe (Landsdowne Juta 2005)
- Du Plessis LM *Die juridiese relevansie van geregtigheid: 'n ondersoek na die juridiese betekenis van geregtigheid as begrip en idee in die Christelike denke met besondere toepassing op die Christelik-Reformatoriese tradisie* LL D-proefskrif (Potchefstroom PU vir CHO 1978)
- Du Plessis LM Regsteorie in praktyk, regspraktyk in teorie en regsopleiding Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO Reeks H Inougurele rede, nr 80 (Potchefstroom PU vir CHO 1981)
- Du Plessis, 1997 "Menseregte in die skadu's en skanse van die Ivoortoring 'n Akademiese waardering van enkele fasette van menseregtebeskerming in Suid-Afrika se finale Grondwet" *StellLR* 1997 (2) 181 – 191
- Frankena WK 1972 "Value and valuation" in Edwards P (red) *The Encyclopedia of Philosophy* (Londen Collier Macmillan 1972) Vol 8: 229 - 232
- Freeman MDA *Lloyd's Introduction to Jurisprudence* 6de uitgawe (Londen Sweet & Maxwell 1994)
- Kaya HO "Is there a conflict between the search for national relevancy and academic freedom in higher education in South Africa?" (Noordwes-Universiteit Mafikengkampus 2003, ongepubliseerde teks)

Kuhn TS *The structure of scientific revolutions* (Chicago: University of Chicago Press 1970)

Mazrui, AA *Political Values and the Educated Class in Africa* (Londen Heinemann 1978)

North-West University *Institutional Plan 2006-2008 and beyond* (Potchefstroom North-West University 2006)

Scott WE (red) *Die regsposisie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 'n nuwe grondwetlike bedeling, met 'n vergelykende studie na die posisie van universiteite in enkele ander lande* (Potchefstroom PU vir CHO 1994)

Tarnas R *The passion of the western mind Understanding the ideas that have shaped our world view* (New York: Ballantine Books 1993)

Van Blerk Adrienne E *Jurisprudence An Introduction* (Durban Butterworths 1996)

Van der Schyff PF *Wonderdaad! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid* (Potchefstroom PU vir CHO 2003)

Venter F 2001 "Academic freedom in South Africa" Voordrag gelewer by die *Society of Law Teachers of Southern Africa* aan die Universiteit van Port Elizabeth. (Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus 2001, ongepubliseerde referaat)

Grondwette

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993

The Constitution of the Republic of South Africa, 1993

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

The Constitution of the Republic of South Africa, 1996

Regspraak

Harksen v Lane NO and Others 1998 1 SA 300 (K); 1997 (11) BCLR 1489

S v Lawrence; S v Nagle; S v Solberg 1997 4 SA 1176 (K)

Regents of the University of California v Bakke 438 US 265

S v Zuma and Others 1995 (2) SA 642 (K)

Sweezy v New Hampshire 354 US

Wetgewing

Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 19 van 1950

Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 80 van 1993

Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997

Higher Education Amendment Act van 2001

Statuut van die Noordwes Universiteit Departement van Onderwys Goewermentskennisgewing No 795 van 2005